

# Jaareindresultate
April 2024

# Doelgerigte vooruitgang

## Finansiële hoogtepunte

**Omset**
2023: R13 642 miljoen
↑ 7,6%
**R14 684 miljoen**

**Netto batewaarde**
2023: R23,37 per aandeel
↑ 16,1%
**R27,14 per aandeel**

**Opbrengs op openingsekwiteit**
2023: 27,4%
↓ 6,5%
**20,9%**

**Genormaliseerde wesensverdienste**
2023: 558,1 sent/aandeel
↓ 13,2%
**484,3 sent/aandeel**

**Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite**
2023: R1 803 miljoen
↑ 14,3%
**R2 061 miljoen**

**Wins uit normale bedryfsaktiwiteite** (voor korporatiewe items)
2023: R1 503 miljoen
↓ 7,2%
**R1 395 miljoen**

**Wins na belasting toeskryfbaar aan die aandeelhouers van die maatskappy**
2023: R907 miljoen
↓ 5,7%
**R855 miljoen**

## Dividendverklaring

| | Senwes | Agribel Beherend |
|---|---|---|
| Finale dividend per aandeel *: | 50 sent [2023: 40 sent] | 37 sent [2023: 29 sent] |
| Spesiale dividend per aandeel *: | 50 sent [2023: 56 sent] | 37 sent [2023: 25 sent] |
| Rekorddatum: | 23 Aug 2024 | 23 Aug 2024 |
| Betaaldatum: | 2 Sept 2024 | 3 Sept 2024 |

** Dividendterughoubelasting sal van toepassing wees.*
Vir die verhandeling van Senwes- en Agribel-aandele, besoek **www.senwes.com**

## Oorsig

Die Senwes Groep het weereens 'n stel sterk en veerkragtige finansiële resultate vir die boekjaar geëindig op 30 April 2024 gelewer. Resultate is gedurende die tweede helfte van die jaar negatief beïnvloed weens somerdroogte en uiters hoë temperature, eie aan die El Niño-verskynsel.

## Vooruitsigte

Daar word verwag dat die algehele landbouvooruitsig oor die volgende 12 maande sal verswak, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die nasionale oes en produsente se kontantvloei wat onder druk is. Aksieplanne is reeds in plek om die impak van eksterne invloede te verminder. Na verwagting sal die groep 'n sterk finansiële posisie bly handhaaf. Daar sal gefokus word op die skep van langtermynwaarde vir al sy belanghebbendes terwyl moontlike beleggingsgeleenthede nagestreef sal word, sou sulke geleenthede ontstaan.

## Hoogtepunte

- Op 1 Augustus 2023 het S&L Connect die vierde John Deere-handelaar in Oos-Duitsland verkry vanaf Porst Landtechnik GmbH.
- Senwes het op 1 Julie 2023 twee addisionele derdepartykredietboeke bekom wat op die verskaffing van kredietlewensversekering fokus.
- Senwes beloon aandeelhouers óf deur dividende óf deur aandele in die ope mark te koop. Aandele ter waarde van R229 miljoen is gedurende die boekjaar teruggekoop, wat op 'n R1,34 beloning per aandeel neerkom.

## Besigheidsegmente

### Finansiële Dienste en Advies

↑ 27,7% **Bedryfswins voor belasting, na finansieringskoste**

2024: R249m
2023: R195m

Die Finansiële Dienste en Advies-segment het beter resultate behaal as gevolg van hoër rente verdien op eie fondse, sowel as 'n styging in inkomste binne die versekeringsegment. Die kredietsegment het minder hektare gefinansier weens die verbetering van meeste kliënte se kontantvloeiposisies. Agterstallige lenings het afgeneem, wat tot 'n laer kredietverliesvoorsiening gelei het in vergelyking met die vorige periode. Die kapitale allokasie-strategie het tot 'n laer gemiddelde kredietboek bygedra, maar het hoër opbrengste op aangewende kapitaal verseker. Die versekeringsegment se verbeterde resultate kan toegeskryf word aan fooie verdien op die groei van die kredietlewensversekeringsboek binne die Senwes Selkapselversekering.

### Insetverskaffing

↓ 31,6% **Bedryfswins voor belasting, na finansieringskoste**

2024: R431m
2023: R630m

Groei in verkope deur Senwes Equipment asook die verkryging van die vierde John Deere-handelaar deur S&L Connect, het daartoe bygedra dat hierdie segment 'n styging in omset gehad het. Die finansiële prestasie van die segment is negatief beïnvloed deur 'n laer bedryfswinsmarge, hoër drakoste van voorraad (heelwerktuie) en swakker resultate van S&L Connect, wat onder druk was weens hoë rentekoerse, inflasie en verminderde regeringsubsidies. Die groothandelbesighede het beter resultate behaal as die vorige jaar weens 'n toename in markaandeel deur Protek. Die kleinhandelbesighede se prestasie was laer as die vorige jaar, toeskryfbaar aan negatiewe verbruikersentiment.

### Marktoegang

↑ 12,7% **Bedryfswins voor belasting, na finansieringskoste**

2024: R593m
2023: R526m

Die inkomste uit Grainlink se opbergings- en hanteringsdienste het toegeneem, wat toegeskryf kan word aan beide meer graanhantering en 'n hoër inkomste per ton. 'n Groter mielie-inname en die totale graanvolume wat versend is – wat 'n positiewe impak op hanteringsinkomste gehad het – het vergoed vir die laer hoeveelheid oliesade wat ontvang is. Gedurende die jaar is kostebesparingsinisiatiewe, soos verlengde handelsure om die impak van beurtkrag teen te werk, geïmplementeer. Gevolglik het bedryfskostes met 'n bedrag minder as die inflasiekoers gestyg, en was dit nie in lyn met die toename van graanhantering nie.

### Verwerking, Kondisionering en Markte

↓ 19,7% **Bedryfswins voor belasting, na finansieringskoste**

2024: R122m
2023: R152m

Die afname in hierdie segment se resultate is hoofsaaklik te wyte aan die swakker prestasie van Carpe Diem Raisins, wat gebuk gegaan het onder laer rosyntjieverkope weens 'n kleiner oesinname en 'n sagte Europese mark. Daar was ook 'n toename in verwagte kredietverliese en die kristallisasie van 675 ton rosyntjies van die 2022-oesseisoen. Hierdie segment het by Bastion se verbeterde resultate gebaat (as gevolg van verhoogde tonne verkoop), die wins uit die verkoop van die Senwes Saad-eiendom wat in die huidige jaar gerealiseer het, en 'n groter volume grondmonsters wat deur NviroTek ontvang is, wat inkomste verhoog het. Die abattoirs het verhoogde slagvolumes ervaar, en 'n verhoging in brutowinsmarge. SA Dorper se beter prestasie is veroorsaak deur 'n verhoogde gemiddelde wins per vel, maar is gedeeltelik teengewerk deur 'n afname in die hoeveelheid velle wat verkoop is. Die meulens het beter resultate getoon weens 'n toename in markaandeel en 'n styging in marges.

Senwes Ltd (Registrasienommer: 1997/005336/06) | Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570 | Tel: 018 464 7800 | Webwerf: www.senwes.co.za

**Direkteure:** JDM Minnaar (Voorsitter), SF Booysen (Ondervoorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, CR Klingenberg (Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JJ Minnaar, JPN Stander, WH van Zyl, JJ Viljoen en AG Waller. Maatskappysekretaris: EM Joynt. *Uitvoerend

Klik hier vir resultate